# Stem in om nie saam te stem nie

Storie deur Bandile Sikwane
Illustrasies deur Chantelle en Burgen Thorne



Soms is dit verstandig om in te stem om nie saam te stem nie. ’n Mens hoef nie oor alles te stry totdat die perde horings kry nie. Dis ’n les wat Belinda Bovine, die kalf, en haar beste vriendin Dumisani, die drakie, deur bittere ervaring moes leer.

Om hul intense, maar lawwe argument op daardie bloedwarm somerdag op te los, wag hulle tot sononder toe Belinda se 90 familielede van die landerye af terugkom. En glo my, hulle was almal baie honger.

“Hallo, Dumisani. Dis gaaf dat jy saam met ons kom eet,” val Belinda se ma hulle in die rede soos wat sy altyd doen as dié twee begin stry. Hulle hoor haar nie eens nie.

“Is nie!” dring Dumisani aan.

“Is!” antwoord Belinda, terwyl hulle aan die heerlike aandete smul. Daar was nêrens sulke lekker kos soos by die skuur op die Rasdorf-plaas nie.

“Myne is baie harder,” stry Belinda.

“Onmoontlik!” sê Dumisani met blink oë, geskok oor die bewering. “Myne is gevaarlik en vernietigend!”

“Ag, asseblief!” Die sarkastiese woorde kom uit Belinda se mond wat vol kos is.

“Julle beter ophou met hierdie gestry, anders eet julle buite,” waarsku Belinda se ma, wat haar teen dié tyd al vererg het.

Die waarskuwing bring die soort stilte wat net die gevolg van versadigde mae kan wees. Die soort tevredenheid wat die liggaam laat ontspan, wat die maag in staat stel om te doen wat dit die beste doen: verteer, verteer, verteer.

Maar die stilte duur nie lank nie. Terwyl Belinda se ma vir hulle sodawater skink, begin die twee weer stry.

“Myne is baie dodeliker. Mamma sê dit maak die aardbol warm,” sê Belinda vol selfvertroue. Dit was nie juis ’n feitelike bewering nie, maar eerder ’n uitdaging vir Dumisani.

“O, nè? Bewys dit!” skree Dumisani.

Belinda doen dit baie geesdriftig. Tot almal se skok.

So …




breek Belinda ’n wind op.

“Dis niks!” antwoord Dumisani.

“Hou my koeldrank vas.”




maak Dumisani.

Ongelukkig is daar drie feite waarvan Belinda en Dumisani nie bewus is nie.

Die eerste: Gedurende spysvertering, veroorsaak ’n koei se vier mae ’n ophoping van ’n gas wat metaan genoem word. Die koei stel hierdie gas vry deur ’n wind op te breek.

Feit nommer twee: Drake kan eers vlieg nadat hul kos heeltemal verteer is. Hulle gebruik vier van hul agt mae om die kos af te breek, soos wat koeie doen, en dit produseer ook metaangas. Die ander vier mae *verbrand* die metaan. Daarom word daar geglo dat drake vuur “blaas” terwyl dit eintlik net is hoe hulle ’n wind opbreek.

Feit nommer drie – en dit is die belangrikste: Metaangas is vlambaar. Dit beteken dat die kleinste vonkie ’n enorme ontploffing kan veroorsaak.




Die wind wat Dumisani opgebreek het, was allesbehalwe die kleinste vonkie. Toe dit met Belinda se luidrugtige beeswind vanuit haar laagste maag kombineer, blaas die ontploffing die dak af en skiet dit die skuur by die Rasdorf-plaas heeltemal uitmekaar.

Gelukkig het almal met hul lewe daarvan afgekom. Daar moet egter gesê word dat al dié verwoesting ongelukkig deur ’n lawwe argument veroorsaak is. Dit wys jou net, soms is dit verstandig om in te stem om nie saam te stem nie.

En gelukkig stem Belinda en Dumisani uiteindelik oor hierdie belangrike feit saam.

Nal'ibali-pret

# Stem in om nie saam te stem nie

Storie deur Bandile Sikwane • Illustrasies deur Chantelle en Burgen Thorne

## Idees om oor te gesels

Hoekom dink jy stry Belinda en Dumisani so baie? Dink jy dat dit soms beter is om in te stem om nie saam te stem nie? Hoekom/hoekom nie?

Wat tel as 'n feit? Wie besluit of 'n stelling 'n feit is?

## Visueel

Kyk mooi na die prentjie op die eerste twee bladsye van die storie.

- Hoeveel koeie en drake kan jy by die tafel sien?
- Watter kos is beskikbaar vir hulle om te eet?
- Wat dink jy drink hulle?
- Kan jy Dumisani, Belinda en haar ma kry?

## Lees

Hoekom dink jy word die storie *Stem in om nie saam te stem nie* genoem? Dink jy dat Belinda en Dumisani die les geleer het dat dit soms verstandig is om in te stem om nie saam te stem nie? Gee 'n rede(s) vir jou opinie.

## Skryf

Skryf 'n toneelstuk deur die teks van die storie te gebruik.

## Speel toneel

Voer jou toneelstuk op saam met familielede en/of vriende.

## Handwerk

Maak 'n boekmerk met die kop van 'n koei of draak boaan.